



# Jou Gids tot Vooraf-Versorgingsbeplanning in Wes-Australië

'n Werkboek om jou te help beplan vir jou  
toekomstige versorging



Lesers word gewaarsku dat hierdie dokument foto's van mense wat sedert die tyd van publikasie oorlede is kan bevat.

© Departement van Gesondheid, Staat van Wes-Australië

Alle inligting en materiaal in hierdie dokument word deur kopiereg beskerm. Kopiereg berus by die staat Wes-Australië. Afgesien van enige gebruik wat deur die Outeursregwet 1968 (*Cth*) toegelaat word, mag die inligting in hierdie dokument nie gepubliseer of reproduseer word in hoegenaamd enige materiaal sonder uitdruklike toestemming van die *End-of-Life Care Program*, Wes-Australiese Departement van Gesondheid nie.

### **Voorgestelde aanhaling**

Departement van Gesondheid, Wes-Australië. *Your Guide to Advance Care Planning in Western Australia: A workbook to help you plan for your future care*. Perth: *End-of-Life Care Program*, Departement van Gesondheid, Wes-Australië; 2022.

### **Belangrike vrywaring**

Hierdie gids is bedoel om 'n oorsig van vooraf-versorgingsbeplanning te gee. Dit verskaf skakels na verdere inligting en hulpbronne. Dit is geensins bedoel om as plaasvervanger vir regs- of ander professionele raad te dien nie. Onafhanklike advies moet aangevra word vir spesifieke gevalle wat regs- of ander professionele insette vereis.



### **Tolkdienste**

Vra gerus vir 'n tolk indien u met 'n gesondheidsdiens in u taal wil praat.

# Inhoud

<b>My Toekomstige Versorging</b>	<b>2</b>
Wat is vooraf-versorgingsbeplanning?	2
Waarom is vooraf-versorgingsbeplanning belangrik?	3
Hoe kan vooraf-versorgingsbeplanning help?	4
Aktiwiteit 1: Kom ons begin – jou situasie	5
Wat behels vooraf-versorgingsbeplanning?	6
<b>1. Dink</b>	<b>7</b>
Wat is nou vir my belangrik? Wat sal vir my belangrik wees indien ek nie meer gesond is in die toekoms nie?	7
Aktiwiteit 2: Waardes, oortuigings en voorkeure	7–10
<b>2. Praat</b>	<b>11</b>
Met wie kan jy gesels oor vooraf-versorgingsbeplanning?	11
Oor watter dinge moet daar gesels word?	12
Aktiwiteit 3: Mense om mee te gesels	14–15
<b>3. Skryf</b>	<b>16</b>
Wie sal besluite oor my behandeling neem as ek nie my eie besluite kan neem of kommunikeer nie?	17
Dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning	19
Aktiwiteit 4: Die kies van 'n dokument in verband met vooraf-versorgingsbeplanning	25–26
<b>4. Deel</b>	<b>27</b>
Waar moet ek my dokument(e) in verband met vooraf-versorgingsbeplanning stoor?	27
Met wie moet ek my dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning deel?	27
Aktiwiteit 5: Die deel van dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning	28–29
<b>Waar om hulp te kry</b>	<b>30–31</b>
<b>Erkennings</b>	<b>32</b>

Hierdie werkboek kan jou help om meer te leer van vooraf-versorgingsbeplanning. Dit sluit aktiwiteite in wat jou kan help om te begin, jou gedagtes te versamel en jou deur die proses te lei.\*

## My toekomstige versorging

### Wat is vooraf-versorgingsbeplanning?

Dalk wil jy 'n sê hê oor die tipe sorg wat jy deur jou lewe ontvang. Dit kan moeilik raak in tye wanneer jy siek is en dalk nie jou eie besluite kan maak of kommunikeer nie.

Vooraf-versorgingsbeplanning behels om met jou geliefdes en moontlike versorgers oor jou waardes, oortuigings en voorkeure vir gesondheid en persoonlike versorging te gesels.

Vooraf-versorgingsbeplanning kan op enige ouderdom begin. Die beste sal wees om te begin wanneer jy goed voel en in staat is om besluite self te neem. Die proses werk die beste as jy oop en eerlik is oor wat vir jou belangrik is – al is dit vir sommige mense moeilik.

**Vooraf-versorgingsbeplanning** is 'n vrywillige proses van beplanning vir toekomstige gesondheid en persoonlike versorging. Die persoon se waardes, oortuigings en voorkeure word bekend gemaak om besluitneming te lei wanneer daardie persoon nie hul eie besluite kan neem of kommunikeer nie.

*Bron: National Framework for Advance Care Planning Documents*

#### Vooraf-versorgingsbeplanning:



is vrywillig



is persoonlik – dit fokus op wat vir jou die belangrikste is



respekteer jou oortuigings, waardes en kultuur



betrek soveel of so min mense as wat jy verkies



is 'n buigsame, deurlopende proses wat jou toelaat om aan jou besluite te verander soos wat jou situasie, gesondheid of leefstyl verander.

\* Hierdie werkboek is 'n bron van inligting. As jy gereed is om spesifieke versorging- en behandelingsbesluite te neem, verwys asseblief na [Afdeling 3: Skryf](#) vir 'n lys van beskikbare dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning in WA.

## Waarom is vooraf-versorgingsbeplanning belangrik?

Vooraf-versorgingsbeplanning kan ons help om:

- te deurdink wat vir ons belangrik is in verband met ons toekomstige gesondheid en persoonlike versorging
- ons oortuigings en waardes, asook hulle invloed op besluite met betrekking tot ons gesondheid en persoonlike versorging, te beskryf
- 'n plan te maak vir ons toekomstige gesondheid en persoonlike versorging, gebaseer op wat vir ons belangrik is, en dit met ander te deel
- gerus te voel dat iemand anders weet wat ons wense is as daar 'n tyd kom wanneer ons nie meer in staat sal wees om met mense te deel wat ons besluite is of wat vir ons belangrik is nie.

Vooraf-versorgingsbeplanning kan ook families, vriende en gesondheidsdeskundiges wat betrokke is by 'n persoon se versorging help.

- Mense wat vooraf-versorgingsbeplanning oorweeg wanneer hulle besluit oor hulle toekomstige gesondheid en persoonlike versorging, sê hulle voel minder angstig, depressief of gespanne en meer gelukkig met die versorging wat hulle ontvang.
- Vooraf-versorgingsbeplanning kan die behoefte aan hospitaalverblyf verminder
- Vooraf-versorgingsbeplanning kan die kans vir ongewenste behandelings verminder



# Hoe kan Vooraf-versorgingsbeplanning help?

Dit is 'n persoonlike besluit om met Vooraf-versorgingsbeplanning te begin. Om ander mense se ervarings met Vooraf-versorgingsbeplanning en wat hulle daarvan nuttig gevind het in gedagte te hou kan 'n goeie begin wees. Figuur 1 verskaf 'n paar voorbeelde.

## Figuur 1. Voorbeelde van hoe Vooraf-versorgingsbeplanning tydens verskillende lewenservarings kan help

Is enige van hierdie situasies op jou van toepassing?

**Ek is gesond, is in my 20s en het 'n jong gesin.**

Ek het besluit om dit wat vir my belangrik is met my familie en gesondheidsdeskundiges te deel, sodat hulle besluite kan neem oor my versorging ingeval iets onverwags in die toekoms met my gebeur.



**Ek is 61, het geen kinders nie en bly alleen.**

My finansies is in orde, maar ek is bekommerd oor wie na my gaan kyk as ek nie meer gesond is nie. Dit het gehelp om met my vriende, gesondheidsdeskundiges en prokureurs te gesels oor waar ek wil bly en wat vir my belangrik sal wees wanneer my gesondheid agteruit gaan.



**Ek is onlangs met 'n lewensbeperkede kondisie gediagnoseer.**

Om met my geliefdes en gesondheidsdeskundiges te gesels oor wat kan gebeur soos my toestand verander, het dit hulle gehelp om te verstaan watter versorging ek in die toekoms wil of nie wil ontvang nie. Dit het my ook gerusgestel om te weet dat hulle verstaan wat vir my belangrik is.



**Ek trek binnekort na 'n residentiële versorgingsfasiliteit.**

Ek wil besluit waar ek bly en wie ek om my wil hê wanneer ek trek. Ek het met my huisdokter gesels oor my toekomstige versorging, moontlike behandelings en watter ondersteuning tot my beskikking sal wees.





# Wat behels Vooraf-versorgingsbeplanning?

Vooraf-versorgingsbeplanning behels 4 hoofelemente:

- dink
- praat
- skryf
- deel.

Hierdie elemente word beskryf in Figuur 2.

Jou vooraf-versorgingsbeplanning proses sal deur jou gelei word. Hierdie werkboek sluit aktiwiteite in wat jou sal help om elke element te ondersoek en verstaan.

**Figuur 2. Vooraf-versorgingsbeplanning model**



© 2022 Palliative Care WA



# 1. Dink

## Wat is nou vir my belangrik? Wat sal vir my belangrik wees indien ek nie meer gesond is in die toekoms nie?

'n Goeie plek om te begin is om na te dink oor jou waardes, oortuigings en voorkeure. Dit kan jou help om te bepaal wat vir jou die belangrikste is met betrekking tot jou gesondheid en persoonlike versorging.

### Nuttige Hulpbronne

- Besoek die MyValues-webwerf ([myvalues.org.au](http://myvalues.org.au)) wat stellings verskaf om jou te help om jou wense oor toekomstige mediese behandeling te identifiseer, oorweeg en kommunikeer.
- Skakel die Palliatiewe Sorg Hulplyn **1800 573 299** (9 vm tot 5 nm elke dag van die jaar)
  - Inligting en ondersteuning oor enige kwessies in verband met vooraf-versorgingsbeplanning, palliatiewe sorg, hartseer en verlies
- Skakel Palliatiewe Sorg WA **1300 551 704** (Maandag tot Donderdag)
  - Algemene navrae, hulpbronne en inligting oor gratis gemeenskapswerkswinkels vir vooraf-versorgingsbeplanning ([palliativecarewa.asn.au/advance-care-planning](http://palliativecarewa.asn.au/advance-care-planning))
  - Ontvang 'n stel *What Matters Most* kaarte
- Inligting oor vooraf-versorgingsbeplanning in ander tale en hulpbronne vir Aboriginal mense [healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning](http://healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning)



## Aktiwiteit 2: Waardes, oortuigings en voorkeure

Die volgende vrae kan jou help om na te dink oor jou waardes, oortuigings en voorkeure. Daar is geen verkeerde antwoorde nie.

### Jou lewe

Wat beteken dit vir jou om 'goed te leef'?

- Om tyd saam met my familie en vriende te spandeer
- Om onafhanklik te lewe
- Om in staat te wees om my tuisdorp of geboorteland te besoek of tyd op kulturele grond te spandeer.
- Om in staat te wees om myself te versorg (bv. stort, toilet toe te gaan, om myself te voed)
- Om aktief te bly (bv. sport, stap, swem, tuinmaak)

- Om ontspanningsaktiwiteite, stokperdjies en belangstellings te kan geniet (bv. musiek, reis, vrywilligerswerk)
- Om gelowige, kulturele, spirituele en/of gemeenskaps aktiwiteite te beoefen
- Om volgens my eie oortuigings, kulturele en gelowige waardes te leef (bv. 'n halaal dieet, meditasie of om as 'n ateïs te leef)
- Om 'n betaalde of onbetaalde werk te hê
- Ander (gebruik die spasie hieronder om ander dinge neer te skryf wat vir jou belangrik is of om meer besonderhede te verskaf oor die items wat jy afgemerk het).

---

---

---

---

---

---

---

---

Dink aan wat dit vir jou beteken om goed te lewe. Wat is die belangrikste dinge in jou lewe? (bv. familie, finansiële sekuriteit, gesondheid, om te kan reis)

---

---

---

---

---

Het jy enige bekommernisse oor die toekoms? Indien wel, wat is hulle?

---

---

---

---

---

---

---

## **Jou huidige gesondheid**

Beïnvloed jou gesondheid jou alledaagse lewe? Weerhou slegte gesondheid jou van dinge wat jy graag wil doen? Indien wel, hoe?

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

## **Jou toekomstige gesondheid en versorging**

Indien jy in die toekoms nie meer gesond is nie, wat bekommer jou die meeste oor wat moontlik kan gebeur? (bv. om in pyn te wees, om nie self besluite te kan neem, of om nie jouself te kan versorg nie)

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---


---

## Bestuur van jou toekomstige gesondheid en versorging

As jou gesondheid in die toekoms sou agteruitgaan, wat sal vir jou belangrik wees?

Dink aan:

- wie jy rondom jou wil hê
- watter mense jou goed genoeg ken om besluite namens of saam met jou te kan neem
- waar jy sou verkies om jou versorging te ontvang
- wat vir jou vertroosting sal gee (bv. hantering van pyn, kulturele en godsdienstige tradisies, jou troeteldier, om dinge van belang – soos foto’s of jou gunsteling musiek – om jou te hê)










Onthou dat jy enige van jou keuses en dokumente teen enige tyd kan verander om aan te pas by jou persoonlike situasie, gesondheid of leefstyl.

## 2. Praat

Om oor vooraf-versorgingsbeplanning te praat, is 'n manier om jou geliefdes en diegene wat by jou versorging betrokke is, in te lig oor wat jy wil en nie wil hê moet gebeur met jou toekomstige gesondheid en versorging nie. 'n Hegte of liefdevolle verhouding beteken nie altyd dat iemand weet wat vir jou belangrik is nie. Om 'n gesprek daaroor te voer kan baie belangrik wees.

### Met wie kan jy gesels oor vooraf-versorgingsbeplanning?

Jy moet dalk oorweeg om jou behoeftes en dit wat vir jou belangrik is bespreek met mense wat jy vertrou. Dit kan insluit:

-  familie
-  vriende
-  versorger(s)
-  voortdurende voog(de)  
(indien aangestel)
-  huisdokter of 'n ander lid van jou  
gesondheidsorgspan
-  regslui
-  'n kulturele of geestelike  
persoon.

Die [Waar om hulp te kry](#) afdeling bevat 'n lys van dienste met wie jy kan praat oor vooraf-versorgingsbeplanning.



## Sommige dinge om oor te praat

Jy kan met verskillende mense oor verskillende dinge praat. Byvoorbeeld, wanneer jy met geliefdes praat, wil jy dalk praat oor:

- jou waardes en oortuigings
- voorkeure vir wanneer jy siek is.

Met jou mediese praktisyne kan jy:

- bekommernisse oor jou gesondheid bespreek
- deur jou opsies vir toekomstige versorging praat
- vir advies oor die voordele en nadele van daardie opsies vra, bv. is dit prakties, bekostigbaar of relevant.

Hier is 'n paar opsies om gesprekke mee te begin wanneer jy met ander praat.

<b>Oor my</b>	Om te kan... is vir my die belangrikste.	'n Lewe wat die moeite werd is om te leef is vir my waar ek...	... is vir my belangrik om goed te lewe.
<b>Oor die lewe</b>	Hoe lyk 'n goeie dag vir jou?	Wat is op jou <i>bucket list</i> ?	Wat waardeer jy die meeste in die lewe?
<b>Oor keuses</b>	Ek het gedink aan wat gebeur het met ... en dit het my laat besef dat ...	As... met my gebeur het, sou ek wou hê...	Ek sou wou hê dat ... namens my mediese besluite neem as ek nie in staat is nie.

Bron: *Advance Care Planning Australia* ([advancecareplanning.org.au](http://advancecareplanning.org.au))

Dit kan ongemaklik wees om met mense na aan jou te praat oor wat kan gebeur as jy in die toekoms siek word.

Familie en vriende het dikwels hul eie menings oor wat jy moet oorweeg met vooraf-versorgingsbeplanning. Alhoewel dit nuttig kan wees om te hoor wat ander dink, moet jy onthou dat jy self moet besluit wat die beste vir jou is. Dit kan help om te dink aan die beste of gemaklikste tyd en plek om hierdie gesprek te voer.

Vat jou tyd –  
onthou dat vooraf-  
versorgingsbeplanning  
'n deurlopende gesprek  
is en dat jy nie oor alles  
gelyktydig hoef te  
praat nie.

## Ander dinge waaroor jy dalk wil praat

Vrywillige bygestaande dood ([health.wa.gov.au/voluntaryassisteddying](http://health.wa.gov.au/voluntaryassisteddying)) is 'n wettige opsie vir Wes-Australiërs wat voldoen aan die geskiktheidskriteria se vereistes. Vrywillige bygestaande dood kan nie by Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte ingesluit word nie, maar as jy dit sien as iets wat jy sou wou oorweeg, kan jy met jou gesondheidsorgverskaffer praat of die WA VAD Statewide Care Navigator Service kontak (e-pos: [VADcarenavigator@health.wa.gov.au](mailto:VADcarenavigator@health.wa.gov.au) of skakel 9431 2755). Die versorgingsorganiseerders wat die diens lewer, is gekwalifiseerde gesondheidswerkers met 'n magdom kennis rakende vrywillige geassisteerde dood. Hulle het ondervinding in hoe om pasiënte en families te ondersteun.

## Ander nuttige hulpbronne

- Raad oor hoe om die gesprek van *Advance Care Planning Australia* te begin ([advancecareplanning.org.au/understand-advance-care-planning/starting-the-conversation](http://advancecareplanning.org.au/understand-advance-care-planning/starting-the-conversation))
- *Dementia Australia Start2talk* ([dementia.org.au/information/about-dementia/planning-ahead-start2talk](http://dementia.org.au/information/about-dementia/planning-ahead-start2talk))





## Aktiwiteit 3: Mense om mee te gesels

Wie is die mense met wie jy graag oor jou toekomstige gesondheid en persoonlike versorging wil gesels? Maak 'n lys hieronder.

---

---

---

---

---

Wanneer is 'n goeie tyd om 'n gesprek te voer rondom vooraf-versorgingsbeplanning met die bogenoemde mense? (bv. hierdie jaar, voor jou volgende spesialis-afspraak, voor jou volgende verjaardag). Waar wil jy graag die gesprek met hulle voer? (bv. oor die telefoon, oor aandete, terwyl julle stap).

---

---

---

---

---

Hier is 'n paar idees oor wat jy kan gebruik om die gesprek mee te begin. Merk watter idees vir jou nuttig kan wees. Jy kan ook 'n paar notas met jou eie idees hieronder byvoeg.

Geleentheid	Voorbeeld
<input type="checkbox"/> Finansiële beplanning rondom aftrede	'Soos ons nader aan aftrede kom, moet ons dalk begin dink oor hoe ons ons geld gaan bestee en waar ons wil woon. Dit is dalk 'n goeie idee om 'n plan te maak vir ingeval een of albei van ons nie in die toekoms belangrike besluite kan neem nie.'
<input type="checkbox"/> Mediese Ondersoeke	'Ek sien my huisdokter volgende week vir my jaarlikse ondersoek. Daar is 'n paar dinge wat ek met die dokter wil bespreek. Ek weet dat ek in die toekoms dalk 'n paar besluite oor my gesondheidsorg moet neem. Dit sal goed wees om met jou en die huisdokter hieroor te praat.'



Geleentheid	Voorbeeld
-------------	-----------

Die dood van 'n vriend of familielid

'As ek kyk na my vriend se ondervinding toe hy die einde van sy lewe bereik het, het dit my laat dink aan die soort versorging wat ek in die toekoms wil hê. Kan ons tyd spandeer om daarvoor te praat? Miskien kan ons 'n paar gedagtes neerskryf oor wat vir ons belangrik is en dan daarvoor gesels.'

'Ek het baie vertroue gevoel dat ons familie en die dokters Ma se wense oor hoe sy wou sterf gevolg het. Dit het my laat dink oor wat vir my belangrik is en nou wil ek graag weet wat vir jou belangrik is. Kan ons hieroor gesels? Miskien kan ons 'n paar dinge neerskryf sodat ons weet wat vir ons belangrik sal wees wanneer ons in die toekoms daardie punt bereik.'

Rolprente of nuusitems in die media

'Dit was so hartseer om te sien waardeur daardie persoon aan die einde van haar lewe gegaan het omdat niemand geweet het wat sy sou wou hê nie. Ek sal dit haat as dit met ons moet gebeur. Kan ons gesels oor wat vir ons belangrik sal wees?'

Jou idees vir hoe om die gesprek te begin

---

---

---

Wat is die top 3 dinge wat jy graag wil bespreek gedurende jou gesprekke?

1. \_\_\_\_\_
2. \_\_\_\_\_
3. \_\_\_\_\_



## 3. Skryf

Dit is 'n goeie idee om neer te skryf wat jy besluit het vir jou belangrik is nadat jy daarvoor gedink het, en met mense daarvoor gesels het.

In WA is daar verskillende dokumente wat jy kan gebruik om jou waardes en voorkeure vir jou toekomstige versorging bekend te maak.

Sommige hiervan is statutêre dokumente wat in die wet erken word. Ander is nie-statutêre dokumente wat nie deur spesifieke wetgewings erken word nie en nie dieselfde regsrag het nie. Die [Waar om hulp te kry](#) afdeling van die werkboek bevat inligting oor waar jy meer kan uitvind oor die wettigheid van dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning.


### Statutêre dokumente

Die sterkste en mees formele manier om jou wense vir toekomstige gesondheid en persoonlike versorging aan te teken, is 'n statutêre dokument. Voorbeelde sluit in 'n Vooraf Beplande Gesondheidsvoorskrif en 'n Voortdurende Mag van Voogdy.

Hierdie dokumente word erken onder die wetgewing in WA en moet in die meeste situasies gevolg word.

Statutêre dokumente moet:

- gemaak word deur 'n volwassene wat bevoeg is\*
- self deur die persoon gemaak word (nie deur iemand anders namens hulle nie)
- deur die persoon en getuies onderteken wees volgens formele vereistes.



\*n Volwasse persoon wat bevoeg is, is 'n persoon wat in staat is om 'n formele verklaring te maak of besluit te neem, en wat ten volle kan verstaan wat sal gebeur as gevolg van daardie besluit.

### Nie-statutêre dokumente

Ander minder formele dokumente kan ook gebruik word vir vooraf-versorgingsbeplanning. Dit word nie-statutêre dokumente genoem. Voorbeelde in WA sluit in:

- 'n Waardes- en Voorkeurevorm: Beplanning vir my toekomstige versorging (dis 'n vorm wat waardes en voorkeure vaslê, maar ook aan die meer formele vereistes van 'n statutêre dokument voldoen)
- 'n Vooraf-versorgingsplan vir iemand met onvoldoende besluitnemingskapasiteit (dit is 'n dokument wat namens iemand geskryf is omdat hulle nie meer bevoeg is nie)
- Doelwitte vir pasiëntversorging (dit is waar 'n gesondheidswerker aantekeninge maak oor doelwitte in verband met 'n huidige episode van versorging met 'n pasiënt en hul gesin).

Nie-statutêre dokumente kan gebruik word om jou waardes en wense vas te lê. Hulle dra egter nie dieselfde regsrag nie en kan moontlik nie gevolg word nie. Elkeen van die bogenoemde dokumente word later in hierdie afdeling beskryf.

## Gemeenregtelike Riglyne

Sommige nie-statutêre dokumente kan as Gemeenregtelike Opdragte of Riglyne erken word. Dit is skriftelike of mondelinge kommunikasie wat 'n persoon se wense in verband met behandeling wat verskaf of weerhou moet word in toekomstige situasies beskryf. Daar is geen formele vereistes met betrekking tot Gemeenregtelike Opdragte of Riglyne nie. Dit kan moeilik wees om wettiglik vas te stel of 'n Gemeenregtelike Riglyn geldig is en of dit gevolg moet word of nie. Daarom word Gemeenregtelike Opdragte of Riglyne nie aanbeveel om behandelingsbesluite te neem nie.

## Wie sal besluite oor my behandeling neem as ek nie my eie besluite kan neem of kommunikeer nie?

Wanneer jy nie meer jou eie besluite kan neem of kommunikeer nie, moet gesondheidswerkers 'n sekere volgorde volg wanneer 'n besluit oor jou behandeling geneem moet word.


Dit word die [Hiërargie van behandelingsbesluitnemers](#) genoem

Dit is belangrik om te verstaan wie dalk namens jou besluite sal neem. Dit kan jou help vasstel wie jy moet vertel oor jou belange en watter dokumente in verband met vooraf-versorgingsbelanning nuttig sal wees.



## Hiërargie van behandelingsbesluitnemers

Waar Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte nie bestaan nie, of die besluit wat vereis word vir behandeling nie gedek is nie, moet die gesondheidswerker vir nie-dringende behandeling die eerste persoon in die hiërargie wat 18 jaar of ouer, ten volle regsbevoegd, gewillig en beskikbaar is om 'n besluit te neem kontak om die besluit te maak.



In die geval wat jy nie meer in staat is om jou eie besluite te neem of te kommunikeer nie:

- as jy Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte **het**, sal dit gebruik word om besluite rakende jou behandeling te lei
- as jy **nie** Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte **het nie**, maar jy het 'n Voortdurende Voog aangestel, sal jou Voortdurende Voog gevra word om besluite rakende jou behandeling namens jou te neem
- as jy **nie** Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte of 'n Voortdurende Voog **het nie**, sal gesondheidswerkers die bogenoemde lys raadpleeg om iemand te vind om besluite rakende jou behandeling namens jou te neem. Hulle sal die volgorde soos aangedui volg totdat iemand geskik en beskikbaar gevind word.

## Dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning

Dink na oor watter tipe besluite of gedagtes jy met ander wil deel. Dit sal jou help vasstel watter dokument(e) vir jou nuttig kan wees. Jy hoef nie enige van hierdie dokumente te gebruik nie, maar hulle kan in verskillende situasies behulpsaam wees.

Om jou te help verstaan wanneer jy verskillende dokumente vir vooraf-versorgingsbeplanning en ander toekomstige beplanning kan gebruik, kan jy dit op die volgende manier benader:

Onthou – statutêre dokumente is die sterkste en mees formele manier om ons wense aan te teken.



**Dokumente in verband met jou gesondheid en versorging**

- Waardes-en Voorkeurevorm: Beplanning vir my toekomstige versorging
- Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte
- Voortdurende Mag van Voogdy
- Orgaan- en weefselskenking



**Dokumente in verband met boedel- en finansiële aangeleenthede**

- Testament
- Voortdurende Volmag




**Dokumente wat deur ander namens jou voltooi kan word**

- Vooraf-versorgingsplan vir iemand sonder die bevoegdheid om besluite self te neem
- Doelwitte van Pasiëntsorg

Elk van hierdie dokumente word kortliks op die volgende bladsye beskryf.



## Waardes- en Voorkeurevorm: Beplanning vir my toekomstige versorging [healthywa.wa.gov.au/ACPvaluesandpreferencesform](http://healthywa.wa.gov.au/ACPvaluesandpreferencesform)



**Tipe dokument:** Nie-statutêr (maar kan in sommige gevalle as 'n Gemeenregtelike Opdragte of Riglyne erken word)


**Wat dit is:** 'n Verklaring van jou waardes, voorkeure en wense met betrekking tot jou gesondheid en persoonlike versorging.

**Waarom dit nuttig is:** Om mense in kennis te stel oor jou waardes, voorkeure en wense. Jou wense is dalk nie noodwendig gesondheid verwant nie, maar sal gesondheidswerkers wat jou behandel, voortdurende voog(de) en/of familie inlig oor hoe jy behandel wil word - insluitend enige spesiale voorkeure, versoeke of boodskappe.

**Wat ingesluit is:** Die vrae is dieselfde as die 'My Waardes en Voorkeure'- afdeling van die Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte (sien onder). As jy nog nie gereed is om volledige Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte te voltooi met formele getuies- en ondertekeningvereistes nie, kan jy begin met die voltooiing van hierdie vorm.

## Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte (ook genoem VBG)

[healthywa.wa.gov.au/AdvanceHealthDirectives](http://healthywa.wa.gov.au/AdvanceHealthDirectives)



**Tipe dokument:** Statutêr

**Wat dit is:** 'n Wettige rekord van jou besluite oor behandeling(s) wat jy wil of nie wil ontvang in die toekoms as jy siek of beseer sou word nie. Dit kan slegs gemaak word deur 'n persoon ouer as 18 jaar wat in staat is om hul eie besluite te neem en te kommunikeer.

**Wanneer dit gebruik sal word:** Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte word slegs gebruik as jy nie in staat is om self besluite te neem of te kommunikeer nie, asook om vir mense te vertel wat jy wil hê. As dit gebeur,

word jou Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif jou 'stem'. Dit kan slegs gebruik word as die inligting daarin relevant is tot die behandeling en/of versorging wat jy benodig. 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrif is bo-aan die [Hiërargie vir behandelingsbesluitnemers](#).

**Wat is ingesluit:** Jy besluit watter besluite en handelings jy by Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte wil insluit. Jy kan mediese, chirurgiese en tandheelkundige handelings, palliatiewe versorging en maatreëls soos lewensondersteuning en resussitasie insluit. Dit is belangrik om so spesifiek as moontlik te wees in jou handelings besluite.



Die vorm sluit 'n 'My Waardes en Voorkeure'-afdeling in waar jy die dinge kan neerskryf wat vir jou die belangrikste is oor jou gesondheid en versorging. Die vrae in hierdie afdeling is dieselfde as dié in die Waardes-en Voorkeurevorm.

## Voortdurende Mag van Voogdy (ook genoem 'n VMV)

[justice.wa.gov.au/epg](http://justice.wa.gov.au/epg)

The image shows a thumbnail of a legal form titled 'Enduring Power of Guardianship'. It contains sections for 'Appointment of enduring guardian' and 'Appointment of substitute enduring guardian', with fields for names and addresses.

### Tipe dokument: Statutêr

**Wat dit is:** 'n Regsdokument wat 'n persoon magtig om persoonlike, lewenstyl- en behandelings besluite namens jou te neem. Jy kan die persoon kies wat hierdie rol aanneem. Hierdie persoon staan bekend as 'n voortdurende voog of besluitnemer oor gesondheid en lewenstyl. 'n Voortdurende Voogdy kan slegs gemaak word deur 'n persoon wat ouer as 18 jaar is, en in staat is om hul eie besluite te neem en te kommunikeer.

**Wanneer dit gebruik sal word:** 'n Voortdurende Mag van Voogdy word slegs gebruik as jy nie in staat is om besluite te neem of te kommunikeer nie.

**Wat is ingesluit:** 'n Voortdurende Mag van Voogdy kan gebruik word om iemand te magtig om alle, of sommige, besluite namens jou te neem. Dit kan besluite oor die volgende insluit:

- waar jy bly
- die ondersteuningsdienste waartoe jy toegang het
- die behandeling(s) wat jy ontvang.

Jy kan meer as een voortdurende voog hê. Hulle moet egter saamstem oor enige besluite wat hulle namens jou neem. 'n Voortdurende voog kan nie namens jou besluite oor eiendom of finansies neem nie.

**Wenk: Jy kan beide Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte en 'n Voortdurende Mag van Voogdy hê.**

## Orgaan- en weefselskenking

**Wat dit is:** 'n Manier om aan te teken of jy organe en weefsel wil skenk wanneer jy sterf. Hierdie inligting kan nie in vooraf-bepaalde versorgingsbeplanning vasgelê word nie.

**Wanneer dit gebruik sal word:** Orgaan- en weefselskenking is eers relevant nadat 'n persoon gesterf het. Dit is belangrik om familie te laat weet van jou voorkeure vir orgaan- en weefselskenking, aangesien familieleden gevra sal word om in te stem.

Orgaan- en weefselskenking kan slegs formeel geregistreer word by [Donate Life](http://DonateLife.com.au) [donatelife.gov.au](http://donatelife.gov.au)



## Testament

[publictrustee.wa.gov.au](http://publictrustee.wa.gov.au)

**Tipe dokument:** Statutêr

**Wat dit is:** 'n Testament is 'n wettige, geskrewe dokument wat sê wat 'n persoon met hul geld, persoonlike besittings en eiendom (insluitend grond) wil doen nadat hul gesterf het.

**Wanneer dit gebruik sal word:** 'n Testament tree in werking nadat jy oorlede is.

## Voortdurende Volmag (ook na verwys as – VM of finansiële besluitnemer)

[justice.wa.gov.au/epa](http://justice.wa.gov.au/epa)

**Tipe dokument:** Statutêr

**Wat dit is:** 'n Dokument wat gebruik word om 'n vertroude persoon(e) aan te stel om finansiële en eiendoms besluite namens jou te neem.


**Wanneer dit gebruik sal word:** Dit is jou keuse of die gesag onmiddellik of slegs wanneer jy bevoegdheid verloor begin. 'n Voortdurende volmag kan slegs gemaak word deur 'n persoon ouer as 18 jaar wat steeds in staat is om hul eie besluite te neem en te kommunikeer.







## Vooraf-versorgingsplan vir iemand met onvoldoende besluitnemings kapasiteit [advance-care-plan\\_full-name.pdf \(advancecareplanning.org.au\)](http://advancecareplanning.org.au)



### Tipe dokument: Nie-statutêr

**Wat dit is:** 'n Vooraf-versorgingsplan wat namens jou geskryf is deur 'n erkende besluitnemer(s) wat 'n hegte en voortdurende verhouding met jou het (d.w.s. die persoon wat die hoogste op die Hiërargie van behandelings besluitnemers is wat beskikbaar en bereid is om te besluite te maak). Hierdie tipe Vooraf-Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte het of self besluite kan neem of kommunikeer nie.

### Wanneer dit gebruik sal word: Hierdie tipe Vooraf-

versorgingsplan word gebruik wanneer besluite oor mediese behandeling geneem word namens iemand wat nie Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte het of in staat is om hul eie besluite te neem of te kommunikeer nie. Dit kan slegs gebruik word om versorging- en behandelings besluite in te lig en te lei. Dit kan nie gebruik word vir die weiering van, of om wettige toestemming tot, behandeling te gee nie.

**Wat daarin is:** Hierdie vorm word gebruik om inligting aan te teken oor 'n persoon se waardes en voorkeure vir toekomstige mediese behandeling en is gebaseer op voorkeure, vorige keuses en besluite van die persoon wat reeds bekend is.

## Doelwitte van Pasiënt Versorging (DvPV)

[healthywa.wa.gov.au/Articles/F\\_I/Goals-of-patient-care](http://healthywa.wa.gov.au/Articles/F_I/Goals-of-patient-care)

### Tipe dokument: Nie-statutêr, klinies

**Wat dit is:** Doelwitte van pasiënt versorging is 'n beplanningsproses wat gelei word deur 'n gesondheidswerker tydens 'n opname in die hospitaal of ander versorgingsfasiliteit. Die proses behels 'n gesprek met jou en, indien relevant, jou familie of versorger(s) om te besluit watter behandelings vir jou handig te pas kan kom as jou toestand vererger. Jou gesondheidswerker gebruik 'n Doelwitte van Pasiënt Versorging-vorm om die besluite wat julle saam neem, neer te skryf.

**Wanneer dit gebruik word:** Doelwitte van Pasiënt Versorging word gebruik om inligting te gee oor die versorging wat jy ontvang indien jou toestand vererger tydens hospitaal verblyf of ander versorging. Dit kan ook as 'n kommunikasie-instrument tussen klinici in verskillende versorgings omgewings gebruik word. Die proses kan vir toekomstige hospitaal verblyf herhaal word.

**Wat daarin is:** Jy en die lede van jou versorgingspan besluit saam wat in jou Doelwitte van Pasiënt Versorging-vorm ingevul word. In die vorm word aangeteken watter behandelings gebruik sal word indien jy baie siek word en nie self besluite kan neem of kommunikeer nie. Verskillende weergawes van die vorm word in verskillende gevalle gebruik (bv. vir kinders, volwassenes en mense in residensiële versorging).

Vooraf-versorgingsbeplanning en besprekings oor doelwitte van versorging is

afsonderlike, maar ook verwante, prosesse. As jy vooraf-versorgingsdokumente soos Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte of 'n Waardes-en Voorkeurevorm het, moet jy 'n afskrif met jou versorgingspan deel. Dit kan help om meer inligting te gee oor besprekings rakende jou doelwitte van versorging

## Wenke

- Jou antwoorde op die aktiwiteite in hierdie werkboek kan jou help om die vereiste inligting in sommige dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning in te vul.
- As jy blind is of nie kan lees en/of skryf nie, kan jy steeds dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning voltooi:
  - jy kan iemand vra om die dokumente vir jou te lees en neer te skryf wat jy sê
  - jy kan iemand vra om die dokument namens jou te onderteken
  - jy kan die dokument teken deur 'n merk te maak, maar jy moet 'n 'skutsklousule' voltooi om dit duidelik te maak dit is jou punt. Dit word aanbeveel dat jy regsadvies inwin as jy hierdie opsie kies.
- Die Waar Om Hulp Te Kry afdeling lys dienste wat jou kan ondersteun om dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning te voltooi. Dit sluit regsadvies en hulp om vorms te lees, verstaan, of voltooi in. (byvoorbeeld hulp vir mense wat doof is of nie kan praat nie).
- As jy tussen state in Australië beweeg, moet jy regsadvies verkry oor watter dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning aanvaar word. Elke staat het sy eie wetgewing. Sien [advancecareplanning.org.au/law-and-ethics](http://advancecareplanning.org.au/law-and-ethics) om meer uit te vind oor staats- en gebiedspesifieke wette oor vooraf-versorgingsbeplanning.

## Meer inligting

- Die Kantoor van die Openbare Advokaat ([wa.gov.au/government/publications/who-will-make-decisions-you](http://wa.gov.au/government/publications/who-will-make-decisions-you)) het meer inligting oor wie vir jou besluite kan neem as jy nie jou eie kan neem nie.



## Aktiwiteit 4: Die kies van 'n dokument in verband met vooraf-versorgingsbeplanning

Jou besluit oor watter, indien enige, dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning reg is vir jou, begin met een vraag: Wil jy dinge aanteken wat vir jou belangrik is sodat dit gebruik kan word om jou toekomstige behandeling en versorging te lei?

Indien die antwoord op hierdie vraag ja is, is die volgende besluit watter dokument(e) om te gebruik. Gebruik die lys hieronder om na te dink oor watter dokument(e) vir jou nuttig sal wees.

### Hou jy verband met enige van die volgende stellings?



**Ek het sterk menings oor die behandeling(s) wat ek in die toekoms sou of nie sou ontvang nie.**

Ek kan:

- Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte maak om my behandelings besluite aan te teken

en/of

- 'n voortdurende voog aanstel deur die Voortdurende Mag van Voogdy te gebruik en hulle van my voorkeure vertel



**Ek het sterk waardes en oortuigings wat toekomstige versorging wat ek wil of nie wil hê nie, sal beïnvloed. Ek is egter nie gereed om besluite te neem oor spesifieke behandelings wat ek wil of nie wil ontvang nie.**

Ek kan:

- 'n Waardes-en Voorkeurevorm voltooi

en/of

- 'n voortdurende voog aanstel deur 'n Voortdurende Mag Van Voogdy te gebruik omdat ek glo hulle my goed genoeg ken en besluite oor my versorging op dieselfde manier sal neem as wat ek sou.



**Ek wil seker maak my finansies en bates is in orde.**

Ek kan:

- 'n Testament opstel

en/of

- 'n Voortdurende Volmag aanstel.

As jy nogsteeds onseker is of enige van hierdie dokumente reg is vir jou, kan jy:

- met vriende, geliefdes of gesondheidswerkers betrokke by jou versorging gesels
- die Palliatiewe Sorg Hulplyn skakel 1800 573 299 (9 vm. tot 5 nm. elke dag)
  - inligting en ondersteuning oor enige kwessies wat verband hou met vooraf-versorgingsbeplanning, palliatiewe sorg, hartseer en verlies
- Palliatiewe Sorg WA skakel WA 1300 551 704 (Maandag tot Donderdag)
  - algemene navrae, hulpbronne en inligting oor gratis gemeenskapswerkswinkels vir vooraf-versorgingsbeplanning
- spesifieke advies vanaf 'n relevante organisasie verkry (sien die afdeling [Waar Om Hulp Te Kry](#)).



Onthou dat jy enige van jou keuses en dokumente kan hersien of verander om by veranderinge in jou persoonlike situasie, gesondheid of leefstyl aan te pas.

## 4. Deel

Sodra jy jou voorkeure en wense neergeskryf het, is dit belangrik dat mense na aan jou weet waar om hierdie inligting in die hande te kry.

### Waar moet ek dokumente in verband met my vooraf-versorgingsbeplanning stoor?

As jy dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning geskryf het, hou die oorspronklikes op 'n veilige plek.

Jy kan afskrifte van dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning aanlyn stoor deur My Gesondheidsrekord ([myhealthrecord.gov.au](http://myhealthrecord.gov.au)) te gebruik. Dit sal gesondheidswerkers betrokke by jou versorging help om toegang tot jou dokumente te kry. Gesondheidswerkers kan ook dokumente vir jou oplaai as jy hulle vra.

### Met wie moet ek 'n dokument(e) in verband met my vooraf-versorgingsbeplanning deel?

Jy kan kies om afskrifte van dokumente in verband met jou vooraf-versorgingsbeplanning aan mense te gee wat jy vertrou. Dit kan insluit:

- familie, vriende en versorgers
- voortdurende voog(de)
- voortdurende volmag(te)
- huisdokter of plaaslike dokter
- ander spesialis(te) en/of gesondheidswerkers
- residensiële versorgingsfasiliteit vir bejaardes
- plaaslike hospitaal
- regspersoon.

Maak 'n lys van die mense wat afskrifte van dokumente in verband met jou vooraf-versorgingsbeplanning het. Dit sal jou help om te onthou wie om te kontak as jy jou dokumente in die toekoms wil verander of terug trek. Gebruik die kontrolelys op die volgende bladsy om te sien wie afskrifte het.

As jy besluit om Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte te maak, kan jy ook die volgende by jou dra:

- In jou beursie - 'n Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte waarskuwingskaart ([healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning](http://healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning))
- 'n *MedicAlert* - armband ([medicalert.org.au](http://medicalert.org.au)) – die gravering dui aan dat jy Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte het en sluit 'n ID in wat gesondheidswerkers kan gebruik om dit te vind.

Bestel 'n waarskuwingskaart deur die Departement van Gesondheid se Vooraf-versorgingsbeplanning hulplyn te kontak by 9222 2300 of e-pos [acp@health.wa.gov.au](mailto:acp@health.wa.gov.au).



## Aktiwiteit 5: Die deel van dokumente in verband met Vooraf-versorgingsbeplanning

As jy een of meer dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning het, gebruik die lys hieronder om aan te teken wie 'n afskrif van elke dokument het.

		Hulle het 'n afskrif van my:				
Besonderhede		Waardes- en Voorkeurevorm	Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte	Voortdurende Mag van Voogdy (VMV)	Voortdurende Volmag (VV)	Testament
<b>Wie het nog 'n afskrif?</b>						
My familie, vriende en versorgers	Persoon 1	Naam				
		Kontakbesonderhede				
		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
	Persoon 2	Naam				
		Kontakbesonderhede				
		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
My voortdurende voog(de)	Voortdurende voog 1	Naam				
		Kontakbesonderhede				
		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
	Voortdurende voog 2	Naam				
		Kontakbesonderhede				
		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
My gesondheidswerkers	Huisdokter	Naam				
		Kontakbesonderhede				
		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
	Spesialis/gesondheidswerker 1	Naam				
		Kontakbesonderhede				
		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
	Spesialis/gesondheidswerker 2	Naam				
		Kontakbesonderhede				
		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
	Residensiële versorgingsfasiliteit vir bejaardes	Fasiliteit naam				
		Kontakbesonderhede				
		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
Plaaslike hospitaal	Hospitaal naam					
	Kontakbesonderhede					
	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	
<b>Aanlyn weergawes</b>						
My Health Record		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<b>Ander mense wat 'n afskrif het</b>						
		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
		<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

## Die berging van my oorspronklike dokumente

Dit is belangrik om seker te maak dat jy weet waar die oorspronklike dokumente in verband met jou vooraf-versorgingsbeplanning is sodat jy (en jou gesin) maklik toegang daartoe kan verkry wanneer dit benodig word. Dit kan nuttig wees om hulle almal op dieselfde plek te hou.

Dokument	Waar hou ek die oorspronklike dokumente in verband met my huidige vooraf-versorgingsbeplanning
Waardes- en Voorkeurevorm	
Voraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte	
Voortdurende Mag van Voogdy (VMV)	
Voortdurende Volmag (VV)	
Testament	



# Waar om hulp te kry

## Vooraf-versorgingsbeplanning

### Departement van Gesondheid WA Vooraf-versorgingsbeplanning Inligtingslyn

Algemene navrae en om gratis hulpbronne oor vooraf-versorgingsbeplanning te bestel (bv. Vooraf Bepaalde Gesondheidsvoorskrifte, Waardes- en Voorkeurevorm)

Skakel: 9222 2300

E-pos: [acp@health.wa.gov.au](mailto:acp@health.wa.gov.au)

Webwerf: [healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning](http://healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning)

### Palliatiewe Sorg Hulplyn

Inligting, hulpbronne en ondersteuning oor enige kwessies in verband met vooraf-versorgingsbeplanning, palliatiewe sorg, hartseer en verlies

1800 573 299 (9 vm. tot 5 nm. elke dag van die jaar)

Webwerf: [palliativecarewa.asn.au](http://palliativecarewa.asn.au)

### Palliatiewe Sorg WA

Algemene navrae, hulpbronne en inligting oor gratis vooraf-versorgingsbeplanning gemeenskapswerkswinkels, of bestel 'n stel *What Matters Most* kaarte

1300 551 704 (Maandag tot Donderdag)

Webwerf: [palliativecarewa.asn.au](http://palliativecarewa.asn.au)

### Vooraf-versorgingsbeplanning Australië Gratis Ondersteuningsdienste

Algemene navrae en ondersteuning met die voltooiing van dokumente in verband met vooraf-versorgingsbeplanning

Skakel: 1300 208 582 (Maandag tot Vrydag 9 vm – 5 nm AEST)

Aanlyn verwysingsvorm: [advancecareplanning.org.au/about-us/contact-us](http://advancecareplanning.org.au/about-us/contact-us)

## Voortdurende Mag van Voogdy en Voortdurende Volmagte

### Kantoor van die Openbare Advokaat

Skakel: 1300 858 455

E-pos: [opa@justice.wa.gov.au](mailto:opa@justice.wa.gov.au)

Webwerf: [publicadvocate.wa.gov.au](http://publicadvocate.wa.gov.au)

## Mediese Advies

Sien jou huisdokter, spesialis of plaaslike dokter vir enige raad.



## Professionele trustee en batebesturings-dienste

### Openbare Trustee

Sluit bystand en advies in met die opstel van 'n testament en voortdurende volmag

Skakel: 1300 746 116 (Navrae en afspraak)

Skakel: 1300 746 212 (Verteenwoordigde persone)

Webwerf: [publictrustee.wa.gov.au](http://publictrustee.wa.gov.au)

## Algemene regsadvies

Sien jou prokureur (as jy een het) vir spesifieke regsadvies.

### Die Law Society of Western Australia

Skakel: 9324 8652

Vind 'n navraagafdeling oor prokureurverwysings:

[lawsocietywa.asn.au/find-a-lawyer](http://lawsocietywa.asn.au/find-a-lawyer)

### Burgers Adviesburo

Skakel: 9221 5711

Webwerf: [cabwa.com.au](http://cabwa.com.au)

### Gemeenskapsregsentrums

Skakel: 9221 9322

Webwerf: [communitylegalwa.org.au](http://communitylegalwa.org.au)

### Regshulp WA

Skakel: 1300 650 579

Webwerf: [legalaids.wa.gov.au](http://legalaids.wa.gov.au)

## As jy 'n tolk nodig het



As jy sukkel om hierdie werkboek te verstaan en/of taalbystand benodig, skakel asseblief 131 450. Vra vir 'n tolk en vra hulle om enige van hierdie agentskappe op die [Waar Om Hulp Te Kry](#) lys te skakel.

## As jy doof is of 'n gehoor- of spraakgestremde het



Gebruik die Nasionale Aflosdiens om enige van die agentskappe op die [Waar Om Hulp Te Kry](#) lys te bel. Vir meer inligting besoek: [communications.gov.au/accesshub](http://communications.gov.au/accesshub)

# Erkennings

Die Departement van Gesondheid WA wil almal wat bygedra het tot die ontwikkeling van hierdie werkboek bedank. Dit sluit in die lede van die Departement van Gesondheid se vooraf-versorgingsbeplanning se Opvoeding- en Verwysingsgroep en die Vooraf-versorgingsbeplanning Verbruikers Hulpgroep Subgroep, wat kundigheid en leiding verskaf het om die dokument te skep.

Ons wil graag diegene wat deelgeneem het en terugvoering gegee het as deel van die konsultasieproses bedank.

Die volgende dokumente en hulpbronne het die ontwikkeling van hierdie werkboek ingelig:

- Vooraf-versorgingsbeplanning. *Advance care planning explained*. Austin Health, August 2021.
- Nous Groep. *National Framework for Advance Care Planning Documents*. Departement van Gesondheid Australië, Mei 2021.
- Palliatiewe Sorg Australië. *Dying to Talk Discussion Starter: Working out what's right for you*. 2018.
- Palliatiewe Sorg WA. *Advance care planning introductory model*. Perth, WA; PCWA ACP Consortium, 2022.



Hierdie dokument kan op versoek in alternatiewe formate beskikbaar gestel word vir persone met 'n gestremdheid (kontak 9222 2300 of [acp@health.wa.gov.au](mailto:acp@health.wa.gov.au)). 'n Maklik leesbare weergawe van hierdie dokument is beskikbaar by [healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning](https://healthywa.wa.gov.au/AdvanceCarePlanning)

© Departement van Gesondheid 2022

Kopiereg op hierdie materiaal berus by die staat Wes-Australië, tensy anders aangedui. Afsies van enige billike hantering vir die doeleindes van private studie, navorsing, kritiek of hersiening, soos toegelaat ingevolge die bepalings van die *Outeursregwet 1968*, mag geen deel gereproduseer of hergebruik word vir hoegenaamd enige doeleindes sonder skriftelike toestemming van die Staat van Wes-Australië nie.